Langenhovenpark
Die GEMEENTE vir elke generasie

# OMGEE NUUS

## SONDAG 21 SEPTEMBER 2025

## Eredienste

**09:00 Erediens**
**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen
**Teks:** Johannes 10: 1-5, 11-14 (1983 vertaling)
**Tema:** Die Goeie Herder

**18:00 Aanddiens (Kleinkerk)**
**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen
**Teks:** Johannes 10: 1-5, 11-14 (1983 vertaling)
**Tema:** Die Goeie Herder

### JEUG

**09:00 Kleuterkerk (3-6 jariges) - Gemeentesentrum**
**Aanbieder:** Kayla
**Tema:** Paulus word God se kind

**09:00 Kinderkerk (Gr 1 – 3) – Kleinkerk**
**Aanbieder:** Lisa Lombaard
**Tema:** Lofsang en speletjies

**JOG, TvC en Belydenis klas – almal neem deel aan die Stap en Fietsry vir Bybels.**

Ons ontmoet mekaar by die oop veld in Elsabé Steenbergstraat.
Inskrywings R25 per skolier

**DIE KOMENDE WEEK…**

**WOENSDAG 24 SEPTEMBER 08:00**
**KERMIS**

**SONDAG 28 SEPTEMBER**
**09:00 Erediens**
**Liturg:** Ds Gerhard Meyer

### JEUG

**09:00 Kleuterkerk – Lokaal 2**
**09:00 Kinderkerk – Kleinkerk**
**10:00 JOG – Kleinkerk**
**10:00 TvC – Kerkgebou**
**10:00 Belydenisklas – Lokaal 1**

**Sinodale kollekte:-** 10% van ons kollekte, van vandag, word bygedra tot **Vennootskappe: NGKA Vrystaat (Botshabelo)**

## Lief en Leed

Gerrie Vermeulen, voorheen van San Tropez, is oorlede.

**Verjaarsdae 80 en ouer:**
Tonie Gerber, Thalia, verjaar 22 September (84)

## Nuwe lidmate


Baie welkom aan nuwe lidmate wat by ons gemeente inskakel. Ons wil graag van jou weet en vir jou kom kuier!
Meld by die kerkkantoor aan na die diens, waar jy 'n vorm kan voltooi sodat ons jou inligting op ons databasis kan stoor of stuur 'n epos na ngklhp@mweb.co.za om 'n vorm te ontvang.

### LIDMAATSKAPBEWYSE ONTVANG

**Belydende lidmate:** Anna Margaretha Maria Brand (nou Van Eeden) van Verkeerdevlei.

### DOOP
**Sondag 5 Oktober**

Ouers wat wil doop, registreer by die Kerkkantoor teen Maandag 29 September. Kontak die kerkkantoor 051-4462225/ WhatsApp 065 964 0101 of stuur 'n epos na ngklhp@mweb.co.za




**Dit is nog nie te laat om saam te gaan stap of fietsry nie.**

Ons ontmoet mekaar by die oop veld in Elsabé Steenbergstraat vanwaar die roete gevolg sal word na Stuck in the Mud se kant toe.
Inskrywings word ook daar gedoen.

## KERMIS 24 SEPTEMBER 2025




Ons benodig nog skenkings vir gesigverf asook enige skenkings vir pryse.

**Navrae: Lisa 0733243008**

**VERMAAK EN SPELETJIES**
Springkasteel, Paintball teiken skiet
Sak gooi speletjie, gesigverf, toutrek
en nog vele ander speletjies met pryse te wen.

# BETALINGSMETODES BY KERMIS

## KONTANT
By al die tafels kan kontant gebruik word.

## KAARTBETALINGS
Kaartfasiliteite is beskikbaar by
- **VLEISTAFEL –** dit is vir alle aankope van rou- of gaar vleis.
- **KERKKANTOOR -** enige tafel se aankope kan daar betaal word.
- **GEMEENTESENTRUM -** Naby die ingang van die Kleinkerk sal 'n betaalpunt wees, waar ook enige tafel se kaartbetalings gedoen kan word.

### SNAPSCAN
Die snapscan kode sal by al die tafels beskikbaar wees. Maak asseblief net seker dat jy die tafel se naam **bv. Gebak** as verwysing gebruik.

Snap here to pay
SnapScan

> **BAIE DANKIE!**
>
> 'n Hartlike dank vir al die skenkings wat ons ontvang het, hetsy kontant of bestanddele. Dit word opreg waardeer! Alle eer aan ons Hemelse Vader

## TERREIN UITLEG

Hier is 'n aanduiding van wat, waar beskikbaar sal wees.

## GEMEENTESENTRUM

**Kindervermaak – alles behalwe springkasteel wat op die kerkterrein is.**

**Betaling vir kindervermaak is by die Gemeentesentrum.**
**Springkasteel - koop rekkies ook daar.**

**Poeding – Kleinkerk**

**Soettand – Kleinkerk**

**Pannekoek – Lapa**

**Koffie, tee, koeldrank – Kleinkerk**

**Handwerk**

**Wit Olifanttafel**

## KERKTERREIN

**Gebak – Konsistorie**

**Kerrie & rys – Kombuis**

**Rouvleis verkope - Motorhuis**

**Jaffels – langs motorhuis**

**Koffie, tee & koeldrank – Afdak asook groot tent**

**Gaar vleis, wors, sosaties, boereworsrolle, skilpadjies, pap & sous en roosterkoek**

# KERKKANTOOR URE

Die Kerkkantoor sal Donderdag 25 September gesluit wees vir normale take sodat die finansiële en administratiewe take van die Kermis afgehandel kan word.

## SPITBRAAI ETE REëLINGS VIR ALMAL WAT KAARTJIES HET

Onthou asseblief om jou eie tafeldoek, eetgerei, glase en drinkgoed saam te bring.
Tafels en stoele sal in die tent op die kerkterrein beskikbaar wees.

## BETROKKENHEID BY WERKGROEPE EN DIENSRADE

**FINANSIES WERKGROEP –** Die werkgroep benodig lede wat insette kan lewer tov die Gemeente se Finansies.

**NAGMAAL BEDIENING –** Hulp met voorbereiding van nagmaal of hulp met uitdeel van wyn en brood. Jou naam word op ‘n groep geplaas waar jy dan ‘n boodskap sal ontvang met die datum van die Nagmaal, waarop jy dan kan reageer.

**HULP MET TEESKINK (SONDAE) –** Indien jy nie deel is van die Omgeegroepe of Kerkraad nie en jy graag wil help met teeskink, gee jou naam by die Kerkkantoor op. Jy sal dan gekontak word, wanneer daar hulp benodig word.

**DIENSRAAD UITREIK – OPRUIM PROJEK**

Ons poog om die laaste Saterdag van elke maand mense van NG Kerk Afrika te kry wat kom help met die opruimprojek. Ds Gerhard neem die mense na die dele in Langenhovenpark waar hulle die vullis optel en in swart sakke plaas. Die grootste behoefte op hierdie stadium is om mense te kry, met ‘n bakkie, wat die sakke by die betrokke punte kan gaan optel en by die kerkterrein kom aflaai.

**KLANK- & DATA OPERATEURS**

Daar is 3 operateurs op ‘n Sondag nodig om die erediens so glad as moontlik te laat verloop. Indien jy graag betrokke wil raak nooi ons jou uit om op ‘n Sondag oggend by die operateurs in die kas te kom sit en te kyk hoe dit werk en vandaar ‘n besluit te maak.

Verdere opleiding sal dan deur die operateurs verskaf word.

## HULP BENODIG

‘n Dame wat haar been gebreek het, het hulp nodig met persoonlike versorging asook klein huis takies vir ten minste 2 ure per dag (teen ‘n vergoeding). Indien daar iemand is wat haar kan help, kontak asb. die Kerkkantoor.